Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@NAMPO /ALFA.co.za

ALFA-aanlyn 2021-Suiwelprogram: 1 April 2021 - 31 Augustus 2021 &
NAMPO /ALFA 2021- Suiwelprogram op NAMPO Park: 30 September 2021- 2 Oktober 2021.

Die ALFA suiwelprogram was deel van die ALFA program sedert die aanbieding van die eerste ALFA ekspo in 2016. Die fokus was die suiwelbedryf in die noorde van die land maar die aanlyn aanbieding van 2020 het die ALFA-suiwelprogram landwyd relevant gemaak. ALFA werk saam met SA Stamboek (wat hul data beskikbaar stel) met die aanbieding van die suiwelprogram om wetenskaplike ruggraat aan die program te verleen. Die fokus van die melkbeesprogram is om samesyn van die totale melkbeesgemeenskap te bevorder en om prestasiemeting, die gebruik van tegnologie en goeie genetika te bevorder.

Die suiwel-gefokusde projekte word in twee dele opgedeel:

- Die projekte wat deel vorm van die ALFA 2021-aanlynprogram wat 1 Mei – 31 Aug 2021 aanlyn op Agri TV, die ALFA webblad en Facebook blad en met ondersteuning van die ALFA selfoonaplikasie, uitgevoer word.
- Die projekte wat op NAMPO Park, 30 Sept- 2 Okt 2021 as deel van die NAMPO /ALFA Lewendehawe, Jag en Buitelewe ekspo aangebied word. (Hierdie program kan slegs voortgaan binne Covid-19 beperkings).

Die meeste van hierdie projekte het ook elemente wat oorvleuel of deel vorm van beide programme. Al die borge is nog nie finaal bevestig nie en van die nuwe projekte en geleenthede moet ook nog gefinaliseer word. 'n Vollediger program met datums en operasionele besonderhede sal spoedig gedeel word. ***Meer inligting oor die program en opdaterings is beskikbaar op www.alfaexpo.com, www.NAMPO /ALFA.co.za*** en die ALFA Facebook blad. Imele Loubser is hierdie jaar die koördineerder van die suiwelprogram. Haar epos adres is: imele@alfaexpo.com. Die selfoon aplikasie se skakel sal spoedig deurgestuur word.

ALFA Aanlyn 2021 program:

1. ***GWK Suiwelprestasie-Skou.***
   Hierdie is die tweede aanbieding van hierdie unieke kompetisie wat genetiese waarde, prestasiedata en visuele beoordeling gebruik om wenners aan te wys. Enige suiwelboer in SA wat deelneem aan prestasiemeting kan deelneem aan hierdie kompetisie.
   Katagoriee sluit in:
   - 3 ouderdom klasse per ras wat 'n fenotipiese punt en prestasie waarde in ag neem.
   - 'n Klas wat leeftyd produksie saam met 'n fenotipiese punt en prestasie waarde in ag neem

   Inskrywings word deur die nuwe ALFA selfoontoepassing ondersteun wat die neem van die fotos en videos te standardiseer. Diere word beoordeel deur ervare beoordeellaars en die wenners word op Agri TV bekend gemaak.
   Datums:
   - 1 Junie: Kompetisie word aangekondig en uitnodiging word aan telers gestuur.
   - 1 Julie: Deelnemers neem selfoonvideos en stuur dit in.
   - 1 Aug: Beoordeling begin
   - 28 Aug: Wenners word op Agri TV aangekondig.

Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@NAMPO /ALFA.co.za

2. ***Nutri Moneymaker-Nominasies***

Hierdie projek gee erkenning aan uitsonderlike leeftydprestasies van melkkoeie in die laaste fase van hul produksielewe op grond van leeftyd- produksie, vrugbaarheid, die prestasie van hul nageslag en hul eie prestasiedata. Die projek gee aan koeie in al die melkbeesrasse wat die Moneymaker-titel verdien en hul eienaars of telers, erkenning. Dit is dus nie 'n kompetisie nie maar stel 'n standaard vir voldoening. Diere met 'n geboorte-aanmelding vanaf 1 Januarie 2011 kwalifiseer vir die kompetisie. Koeie mag dus nie ouer as tien jaar oud wees nie.

Die kriteria vir Moneymaker koeie is as volg:

- Meer as vyf keer gekalf in 8 jaar
- Leeftyd produksie van meer as 60 000 L
- Meer as 50% van haar vroulike nageslag moet in die ras opgeneem wees.
- Die koei moet self 'n teelwaarde bo die rasgemiddeld hê volgens die ras se amptelike seleksie indeks (Jersey – SAINET en Holstein – HSI).
- 'n Ekonomies waarde word aan die koei se prestasie gekoppel word volgens 'n gemiddelde melkprys vir die land en waarde van vroulike nageslag wat aktief in die populasie is of was.
- Elke koei wat aan bogenoemde kwalifikasie voldoen ontvang 'n sertifikaat van erkenning. Daar is dus nie 'n wenner nie, elke koei wat kwalifiseer kry erkenning.

Datums:

- 1 Julie: SA Stamboek stel lyste saam.
- 26 Julie: Kwalifiseerders word op Agri TV aangekondig.
- 30 Sept: Sertifikate word op NAMPO /ALFA uitgedeel.

NAMPO /ALFA program op NAMPO park:

1. ***ALFA People's Choice Cheese Challenge***

Besoekers aan NAMPO /ALFA kry die geleentheid om stukkies kaas van vyf verskillende soorte kase te proe en vir hul gunsteling te stem. Die wenkaas dra die kroon as die populêre keuse.

Datums:

- 1 Julie: Uitnodigings open vir deelname.
- 30 Sept: Evaluasie op NAMPO /ALFA.

2. **ALFA Suiwel-ekspo (borg sal nog aangekondig word)**

Die SA suiwelbedryf is tans onder geweldige druk en die pandemie het nie dinge makliker gemaak nie. Die doel van hierdie ekspo is om die suiwelbedryf net weer onder die aandag van die res van landbou te bring. Suid Afrika se suiwelrasse, beeste, bokke en skape gann hier uitgestal word. Daar gaan met die onderskeie genootskappe saamgewerk word en die diere gaan gemelk word in die Delaval melkstal.

Die volgende melkbeesrasse word uitgestal:

- SA Holstein
- SA Jersey
- Dairy Swiss

Die volgende melkbok rasse word uitgestal:

Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@NAMPO /ALFA.co.za

- Saanen
- British Alpine
- Togenberger

Die volgende melkskaap ras word uitgestal:

- Flemish skape

Datums:

- 1 Julie: Uitnodigings open vir deelname.
- 29 Sept: Diere word afgelewer op NAMPO Park en stalletjies gebou
- 30 Sept-2 Okt: Uitstalling oop op NAMPO Park
- 2-3 Okt: Stalletjies word opgebreek

3. *ALFA Kaas en Wyn*

Die suiwelbedryf kom bymekaar om die produkte van die bedryf te geniet terwyl die suiwelprestasieskou se semifinaliste beoordeel word en Logix Suiwel se presteerders erken word.

Die volgende toekennings word uitgehandig:

- Die ALFA-melkbeesprojekte toekennings.
- SA Stamboek se Logix suiweltoekennings.

Datums:

- 1 Okt, 18h00 op NAMPO Park.

ALFA 2021 Kalender Opsomming		
Datum	**Projek**	**Aksie**
1 Junie	GWK Suiwelprestasie-skou	Kompetisie word aangekondig en uitnodiging word aan telers gestuur.
1 Julie	GWK Suiwelprestasie-skou	Kompetisie word aangekondig en uitnodigings uitgestuur
	Nutri Feed Moneymaker	SA Stamboek stel lyste saam
	ALFA People's Choice Cheese Challenge	Uitnodigings open vir deelname.
	ALFA Dairy Ekspo	Uitnodigings open vir deelname.
26 Julie	Nutri Feed Moneymaker	Kwalifiseerders word op Agri TV aangekondig.
1 Aug	GWK Suiwelprestasie-skou	Aanbieding van die webinaar op Agri TV
29 Sept	Alle projekte van NAMPO /ALFA Ekspo	Diere word afgelewer en stalletjies word opgerig op NAMPO Park.
30 Sept	Nutri Feed Moneymaker	Sertifikate word op NAMPO /ALFA uitgedeel.
1 Okt	*ALFA Kaas en Wyn*	Middagete
2-3 Okt	Alle projekte van NAMPO /ALFA Ekspo	Diere word verwyder en stalletjies afgebreek.